# Hasie Kwassie

GRAAD R • GRADE R

Laerskool VAN RIEBEECKPARK Primary

DOELGERIG

# Kwetter Letter

www.riebie.co.za

Lees asseblief alle inligting | Please read all the information

## 1. Lief & leed / Joys & sorrow

**Praat oor moeilike kwessies en lê die reëls duidelik neer**

Daar moet duidelike grense wees sodat kinders kan weet hul Ma en Pa stem 100% oor sekere dinge saam. Julle sal nie altyd oor alles saamstem nie. So, besluit om in sekere areas die ouerskap-landskap te onderverdeel. Ma is byvoorbeeld die primêre besluitnemer oor sakgeld en eetgoed, terwyl Pa oor internettoegang en oorslaap besluit. Die ander ouer is dan net die sekondêre besluitnemer in daardie area. Die kinders kan dus nie hul ouers teen mekaar afspeel nie, want partykeer gaan Ma nee sê en ander kere weer Pa. Besluit ook om nie voor die kinders te verskil nie en neem groot besluite saam. Plak dit op die yskas sodat die kinders goed kan weet: “Oor die volgende dinge besluit Ma en Pa saam – Geen onderhandeling”.

Bou jou gesagstyl op dít wat jy glo goed en reg is. Praat met mekaar hieroor. So sal jy jou kind voorberei om die wêreld vierkantig in die oë te kan kyk, deur julle ouerskap en die manier waarop julle dissipline toepas.

Voelgoed.co.za - Junie 2015

**Talk about difficult situations and explain the rules clearly**

There must be clear borders for children to know that their Mom and Dad agree 100% about certain things. You will not always agree about the same things. Try to divide certain areas of parenthood. Mom, for example, is the primary decision maker when it comes to pocket money and food, whilst Dad decides about internet access and sleepovers. The other parent is then the secondary decision maker in that area. The children can therefore not play parents up against each other, as Mom will sometimes say “no” and at times, Dad will be the one to say “no”. Decide not to disagree in front of the children and make important decisions together. Put it on the fridge so that the children will know: “About the following aspects, Mom and Dad decide together – No negotiations”.

Build your authority on what you believe is good and right. Talk to each other about it. This way you will prepare your child to be able to look the world square in the eye, due to your parenthood and the way in which you apply discipline.

Voelgoed.co.za - June 2015

## 2. Verjaarsdae / Bi

- ❖ Baie geluk aan ons maatjies wat in Augustus verjaar. Geniet ‘n wonderlike dag !
- ➢ Congratulations to our friends celebrating their birthdays in August. Enjoy a splendid day !

## 3. Buitemuurse aktiwiteite / Extra Mural Activities

Maandag / Monday - Playball ; Drama ; Ballet

Dinsdag / Tuesday - Gholf / Golf ; Swem / Swimming

Woensdag / Wednesday - Netbal / Netball ; Rugby Akademie / Rugby Academy (**Onthou tekkies / Remember tackies**)

Donderdag / Thursday - Tennis - (**Onthou tekkies / Remember tackies**) ; Swem / Swimming

Vrydag / Friday - Dance Mouse

| | | | |
|---|---|---|---|
| Playball | Debbie<br>082 440 4708 | Gholf / Golf | Janus<br>084 444 9395 |
| Swem / Swimming | Ellen<br>082 920 8747 | Ballet | Karlien<br>083 297 5714 |
| Netbal / Netball<br>&<br>Rugby<br>Akademie / Academy | Venessa<br>083 660 4707<br>David<br>081 575 2682 | Tennis | Jean<br>084 457 2732 |
| Dance Mouse | Elden<br>078 998 3688 | Drama | Lydia<br>073 829 0593 |

Onthou asseblief –

- Alle buitemuurse aktiwiteite wat buite aangebied word, is onderhewig aan weerstoestande.
- Indien dit reën, kan die aktiwiteit nie plaasvind nie.

Please remember –

- All extramural activities taking place outside, are subject to weather conditions.
- The activity cannot be presented if it rains.

# 4. Tema vir die week / Theme for the week

## 19/08/2019 - 23/08/2019
## GROENTE / VEGETABLES



# 5. Opvoedkundig / Educational

## 5.1 INTERESSANTE INLIGTING - ROOI ROSE (AUGUSTUS 2017) /

WAT SÊ DIE JUFFROU?

Lizette Brunner is 'n Graad 1- onderwyseres by Durbanville Voorbereidingskool en het 12 jaar se ondervinding. "Ons sien dat kinders al hoe minder selfstandig is en dit belemmer hul waagmoed om nuwe dinge in die klas te leer en onafhanklik take uit te voer. Ons verwag dat kinders al voorskools hul veters moet vasmaak, aantrek en hul tassies skool toe dra. Tog is daar baie van hulle wat nie eens hierdie basiese takies sonder hulp kan uitvoer nie. Haastige ma's dra kinders klas toe en doen alles vir hulle omdat dit makliker en vinniger is as wanneer kinders dit self doen. Bitter min kinders het enige take by die huis, soos help met kosmaak, tafeldek en afdek, troeteldiere kosgee en vullis weggooi. Maar dit is alles maniere om kinders verantwoordelikhede te leer, sodat hulle onafhanklik in die klas kan werk. Kinders het nie deursettingsvermoë as hulle sukkel nie. Hulle het ook nie waagmoed om iets te probeer wat hulle nie ken nie."

"Leerkragte loop maklik deur onder ouers se kritiek. Ouers het baie keer skuldgevoelens oor hul gebrek aan tyd, of omdat hulle enkelouers is en soek kitsoplossings vir probleme om spanning te vermy. Onthou, om 'n leerkrag voor jou kind te roskam, leer jou kind dat hulle nie gesag hoef te respekteer nie. Maak eerder 'n afspraak, of kontak die onderwyser persoonlik wanneer jy iets op die hart het."

"Ouers vra my gereeld dat ek kinders uitmekaar moet skuif omdat daar wrywing is. Ek sê altyd vir dié ouers dat ek eerder met die twee kinders werk om hulle te leer om konflik en persoonlikheidsverskille op te los. Só leer kinders sosiale vaardighede. Dit is 'n waardevolle geleentheid vir albei kinders om iets, wat andersins verlore sou gaan, te leer."

"Ouers saboteer ook soms kinders se swemlesse, deur nie swemklere saam te stuur skool toe as kinders nie daarvan hou nie. Ons ervaar dat oorbeskermde kinders dikwels swak sosiale vaardighede en minder interaksie met maats het. Dit is of die nuwe generasie kinders hul ouers onbewustelik manipuleer en beheer. En ouers laat dit toe. Soos kinders wat dolgraag ballet- of musieklesse wil neem en na slegs een of twee lesse ophou. Dit is belangrik om kinders te leer om nie te gou tou op te gooi nie. Laat hulle minstens die kwartaal voltooi. Ouers het 'n oordrewe behoefte dat kinders gelukkig moet wees en daarom kan kinders geen teleurstelling verwerk nie. Ons sien dit ook in spansport. Kinders is so gefokus op die telling en wie wen, dat hulle nie net pret kan hê en speel nie. Kompetisie is gesond, maar die oordrewe kompeterende ingesteldheid is baie keer 'n persepsie wat die ouers vestig. As die kinders nie wen nie, huil hulle."

Lizette sê dis belangrik dat ouers hul kinders ondersteun met huiswerk en 'n roetine skep waar hulle dit pligsgetrou kan doen, maar vra mooi dat ouers dit nie vír hulle moet doen nie. "Kinders moet leer dat dit hul eie verantwoordelikheid is". Sy ervaar ook dat kinders nie die inisiatief het om speletjies uit te dink nie, want hulle word heeltyd voorgesê wat om te doen: "Hulle ken nie meer rolspel-speletjies soos winkel-winkel nie. Probeer om een keer per week 'n speel-afspraak met 'n maatjie te maak, sodat die kinders om die beurt sorgeloos bymekaar kan speel. Kinders word so met buitemuurse bedrywighede oorlaai dat hulle selde tyd vir onbevange, kreatiewe spel het. Ons kom agter dat hulle nie meer die inisiatief kan neem om take aan te pak, of hul huiswerk op hul eie te doen nie. Hulle moet voorgesê word. Kinders raak gewoond daaraan om geprosesseer te word."

## INTERESTING INFORMATION - ROOI ROSE (AUGUST 2017)

WHAT DOES THE TEACHER SAY?

Lizette Brunner is a Grade 1 teacher at the Durbanville Preparatory School and has 12 years' experience. "We find that children are becoming less independent and this hampers their ability to learn new things in the class and to carry out tasks independently. We expect preschool children to be able to tie their shoelaces, dress themselves and carry their own school bags. Unfortunately, there are lots of them who cannot even carry out these basic tasks without assistance. Moms who are in a hurry, carry their children to class and do everything for them, simply because it is easier and quicker than letting the child do it. Children are very rarely given tasks at home, such as helping mom with the food, laying the table, clearing the dishes, feeding the pets or putting out the garbage. These are all ways in which children can be taught responsibility and to work independently in class. Children do not have perseverance and give up easily when they struggle with something. They do not have enough courage and are not comfortable to try new things."

"Teachers are easily criticized by parents. Parents often have feelings of guilt because they are single parents or have a lack of time and they are looking for quick fixes for problems concerning their children. Remember, scolding a teacher in front of children, teaches them that they do not have to respect authority. Rather make an appointment, or personally contact the teacher if you have a concern."

"Parents often request me to separate children in class due to conflict between them. I always tell these parents that I would rather work with the two children to teach them how to deal with conflict and personality differences. This way children learn social skills. It is a golden opportunity for both children to learn something valuable."

"Parents sometimes sabotage children's swimming lessons by not sending their swimwear to school if the child does not like swimming. We experience that children who are overprotected, often have poor social skills and very little interaction with friends. It is as if the new generation children unintentionally manipulate and control their parents. And parents allow it. For example where children insist on taking ballet or music lessons, but then lose interest and give it up after only one or two lessons. It is important to teach children not to give up too easily. Let them at least finish the term. Parents have an excessive desire that children should be happy and therefore children cannot deal with disappointment. We clearly see this in team sports. Children are so focussed on the scoreboard and who the winner is, that they cannot simply play and have fun. Competition is healthy, but an excessive competitive attitude is often a perception created by the parents. If children do not win, they cry."

Lizette says it is important that parents support their children with homework and create a routine whereby they can perform it diligently, but she asks parents not to do the homework for their children. "Children must learn that it is their own responsibility". She experiences that children do not have the initiative to come up with their own games, because they are constantly told what to do. "They do not know role play games like "let's go shop". Try to make a playdate with a friend once a week, so that children can make turns to play carefree with each other. Children are often so overburdened with extramural activities that they seldom find the time for carefree, creative play. We notice that they cannot take the initiative to start a project or to complete homework on their own. They have to be assisted. Children get used to being programmed."

## 5.2 ONS LEER LETTERS SKRYF / WE LEARN TO WRITE LETTERS

- ❖ Die korrekte skryfwyse is uiters belangrik.
- ❖ Begin by die kolletjie, kyk na die pyltjie en volg die rigting van die pyltjie.
- ❖ *Sien voorbeeld aan die einde van die nuusbrief - Letters "g".*

- ➢ The correct method of writing is very important.
- ➢ Start at the dot, look at the arrow and follow the direction of the arrow.
- ➢ *See example at the end of this newsletter - Letters "g".*

## 5.3 KREATIEWE WERK / CREATIVE WORK

- ❖ Ons bou 'n vervoermiddel op 16/08/2019. Kies enige vervoermiddel.
- ❖ Beplan tuis hoe jy dit gaan bou. (Ouers, maak dit pret en werk saam met jou kind).
- ❖ Indien jy sou wou verf, verf die verskillende dele tuis asseblief.
- ❖ Bring al die dele saam skool toe om te plak, in te druk, vas te maak, ensovoorts... !
- ❖ Plaas in 'n sakkie met kind se naam op.
- ❖ Items moet voor/op 16 Augustus 2019 by skool wees.
- ❖ Die finale produk word by die skool gedoen.

- ➢ We are going to build a transport item on 16/08/2019. Choose any type of transport.
- ➢ Plan, at home, how you are going to build it. (Parents, work with your child and spend quality fun time together).
- ➢ If you want to paint, please paint the separate parts at home.
- ➢ Bring all the parts to school to stick, push in, tie together or screw tightly, etcetera…!
- ➢ Put in bag with child's name on.
- ➢ Items must be at school before/on 16 August 2019.
- ➢ The final product will be assembled at school.

## 5.4 AFWESIGHEDE / ABSENTEEISM

- ❖ **BELANGRIK**: Ons is besig met assessering – Leerling moet by die skool wees.
- ➢ **IMPORTANT**: We are busy with assessment – Learners must be at school.

# 6. Algemeen / General

## 6.1 BELANGRIKE DATUMS / IMPORTANT DATES

Teken asseblief die volgende belangrike datums in u dagboek aan :
Please diarise the following important dates :

| **Donderdae/Thursdays** | **Nuusboek / News file** |
|---|---|
| **Vrydae/Fridays** | **Nuusboek terug / News file back** |
| 31 Aug | Lentedag / Spring Day |
| 04 September | Sekretaressedag / Secretary Day |
| 05 September | Gradeplegtigheid foto's / Graduation photos |
| 20 September | Skool sluit / School closes |
| 21 September | Erfenisdag / Heritage Day |
| 01 Okt / Oct | Skool heropen / School re-opens |
| 12 Okt / Oct | "Rocktober" Wildsfees |

**Hierdie program is onderhewig aan veranderings / This programme is subject to change.**
***Verwys ook na die Riebie-Klanke / Please also refer to the Riebie-Chatter Web & D6***

## 6.2 KLEREDRAG / DRESS CODE

- ❖ Lyk netjies in jou Hasie Kwassie T-hemp vir elke dag.
- ❖ Op Vrydae trek ons gemaklik maar steeds netjies aan.
- ❖ Seuns: Hare kort en netjies gekam.
- ❖ Dogters: Lang hare netjies vasgebind en hare uit die oë / Kort hare netjies gekam.
- ❖ Geen juwele of naellak nie.
- ❖ Dra jou mooi Hasie Kwassie "Dry-Mac".

- ➢ Look neat in your Hasie Kwassie T-shirt for each day.
- ➢ On Fridays we wear neat casual clothes.
- ➢ Boys: Short hair, neatly combed.
- ➢ Girls: Long hair neatly tied and hair not in the eyes / Short hair neatly combed.
- ➢ No jewellery or nail polish.
- ➢ Wear your fancy Hasie Kwassie
- ➢ "Drymac".

## 6.3 KONTAK SKOOL / CONTACT SCHOOL

- ❖ Indien 'n Hasie Kwassie personeellid gekontak moet word, skakel asseblief tussen **10:30 en 11:00**
- ➢ Should you have to contact a Hasie Kwassie staff member, please call between **10:30 and 11:00**

## 6.4 OOV VERGADERING / PTA MEETING

- ❖ Dankie vir ons OOV-lede vir hul positiewe gesindheid en hulp!
- ➢ Thank you to our PTA members for their positive attitude and assistance!

## 6.5 AANLYNAANSOEK – GR 1 (2020) / ONLINE APPLICATION – GR 1 (2020)

Aanlyn Aansoeke en die inhandiging van dokumente het reeds gesluit. Ouers sal vanaf einde Augustus 2019 verdere terugvoering, per sms, van die Departement af ontvang.

The Online Applications and handing in of documents have closed. Parents will receive further feedback from the Department, by sms, from the end of August 2019.

## 6.6 ROCKTOBER FEES / FESTIVAL - 12 OKTOBER/OCTOBER 2019

- Ons sal die Hasie Kwassie ouers se ondersteuning waardeer.
- Indien daar nog ouers is wat graag wil help, gee asseblief u naam en kontaknommer aan u kind se klasonderwyser deur.
- Kontant donasies vir die aankoop van bykosse- en bestandele sal waardeer word.
- Hou asseblief die Hasie Kwassie WhatsApp-groep vir meer inligting dop.
- Kaartjies is reeds beskikbaar. Kaartjiepryse is soos volg:

  R150-00 (Blou) : per volwassene vir Lapa (alles ingesluit)
  R100-00 (Groen) : per kind vir Lapa (alles ingesluit)
  R80-00 (Pienk) : slegs vir Vertoning per persoon
  R20-00 : parkering op B-rugbyveld
  R10-00 : parkering in parkie
  R100-00 : per koelerboks

- Gelde moet asseblief in 'n koevert geplaas word, met die volgende voorop geskryf: **Kind se naam en van, Gr R en juffrou se naam, hoeveelheid kaartjies en watter spesifieke kaartjies benodig word.**
  (Voorbeeld: 2 x R150-00 (volwassenes) **plus** 2 x R100-00 (kinders) **plus** 1 x parkering op B-rugbyveld = R520-00).

- We will appreciate the co-operation of the Hasie Kwassie parents.
- If there are still parents who would like to assist, please give your name and contact number to your child's class teacher.
- Cash donations for the purchasing of side dishes and ingredients will be appreciated.
- Please follow the Hasie Kwassie WhatsApp group for more information.
- Tickets are available. Ticket prices are as follows:

  R150-00 (Blue) : per adult for Lapa (all inclusive)
  R100-00 (Green) : per child for Lapa (all inclusive)
  R80-00 (Pink) : per person (Show only)
  R20-00 : parking on B rugby field
  R10-00 : parking in the park
  R100-00 : per cooler box

- Please place money in an envelope, with the following written on the envelope: **Child's name and surname, Gr R and teacher's name, number of tickets and which specific tickets are required.**
  (Example: 2 x R150-00 (adults) **plus** 2 x R100-00 (children) **plus** 1 x parking on B-rugby field = R520-00).

## 6.7 GRADEPLEGTIGHEID FOTO'S / GRADUATION PHOTOS

- Gradeplegtigheid foto's word op Donderdag, 5 September 2019, gedurende skoolure geneem.
- Die koste beloop R60-00 vir die pakket.
- Leerders moet netjies wees met skoon gesiggies.
- Hare moet skoon en netjies wees.
- Leerders kom geklee in hul Hasie Kwassie klere op die dag. Asseblief geen hoë kraag of polo-nek hemde wat sal wys nie.
- Gradeplegtigheid klere sal vir die fotosessie voorsien word.
- Geen ouers teenwoordig.

- Graduation photos will be taken on Thursday, 5 September 2019, during school hours.
- The cost amounts to R60-00 per photo packet.
- Learners must be neat, with clean faces.
- Hair must be clean and neat.
- Learners come dressed in their Hasie Kwassie clothes on the day. No high collar or polo neck tops that will show.
- Graduation clothes will be supplied for the photo session.
- No parents present.

## 6.8 LENTEDAG - 30 AUGUSTUS / SPRING DAY - 30 AUGUST

- Trek “lente” aan.
- Sit ‘n blom in jou hare of aan jou hemp.
- Leerders gaan ‘n verrassing ontvang.

- Dress up for “spring”.
- Put a flower in your hair or on your shirt.
- Learners will receive a surprise.

# 7. Finansi

SKOOLGELDE VIR HASIE KWASSIE BELOOP R1300-00 per maand,
VOORUITBETAALBAAR VIR 12 MAANDE.

SCHOOL FEES FOR HASIE KWASSIE IS R1300-00 per month,
PAYABLE IN ADVANCE FOR 12 MONTHS.

**GEEN GELDE MAG DEUR ONDERWYSERS ONTVANG WORD NIE, TENSY DIE PRESIESE BEDRAG IN ‘N KOEVERT MET ALLE BESONDERHEDE DUIDELIK OP DIE KOEVERT AANGEDUI, GEPLAAS IS.**
**MOENIE VORMS IN KOEVERT PLAAS NIE.**

**NO MONEY MAY BE ACCEPTED BY TEACHERS, UNLESS THE EXACT AMOUNT IS PLACED IN AN ENVELOPE, WITH ALL THE DETAILS CLEARLY WRITTEN ON THE ENVELOPE.**
**DO NOT PLACE FORMS IN THE ENVELOPE.**

### BANKBESONDERHEDE / BANK DETAILS

| | | |
|---|---|---|
| Naam/Name | : | LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK PRIMARY |
| Bank | : | FNB (TJEK REKENING / CHEQUE ACCOUNT) |
| Takkode / Branch code | : | 205609 |
| Reknommer / Account Number | : | 62749134243 |
| Verwysing / Reference | : | Kind se naam & van / Child’s name & surname |

- Kontak Me Karin Meiring in die finansiële kantoor vir enige navrae.
- Contact Ms Karin Meiring in the finance office for any enquiries.

# 8. Wagkla

**13:10 – 14:00**

19/08/2019 – 22/08/2019 : Juffrou / Teacher SONJA

**GEEN WAGKLAS OP VRYDAE – Skool sluit 13:00**

**NO WAITING CLASS ON FRIDAYS – School closes 13:00**

**ONTHOU SNOEPIEGELD**
(Bêre in beursie in jou tas)

**REMEMBER TUCK-SHOP MONEY**
(Put in purse/wallet in suitcase)

**LYNETTE | CATHY | SONJA | MARIETTE | ANKE**